

120 Jaar se hartseer herdenk

Anglo-Boereoorlog

11.10.1898 - 2019

• Tom Watson

Die Anglo-Boereoorlog is belangrik vir Suid-Afrikaners want 120 jaar gelede om presies te wees, het die oorlog op 11 Oktober 1898 in aanvang geneem tot 1902.

Daar is 'n geykte uitdrukking wat lei "niemand wen 'n oorlog nie" en as die Anglo-Boereoorlog in rektrospek ontleed word het die oorlog net verwoesting vir Suid-Afrika en sy bevolking gebring.

Meer as 50 000 blanke en swart vrouens en kinders is in konsentrasiekampe heen. Derduisende mans is in konsentrasiekampe op eilande in ballingskap geplaas. Duisende het op die slagvelde gesterf. Dorpe, huise en plase is afgebrand. Vee is doodgemaak.

Alles in die "Scorched earth" beleid van die Engelse opperbevel.

Waaroor het die "oorlog" eintlik gegaan - Goud en Diamante en Cecil John Rhodes se planne om Afrika rooi te verf.

Interessant dat daar onlangs weereens deur 'n Amerikaner die uitdrukking geuiter is van "moet noot die Britte vertrou nie".

Engeland het na die sluiting van die ooreenkoms met die verdrag van Vereeniging wat die oorlog beeindig het verskeie beloftes gemaak teenoor die blankes en swart bevolking wat nooit realiseer het nie.

Hier in Heilbron se begraafplaas is Australiese en Nieu-Seelandse soldate begrawe wie se grafte dikwels deur hul families opgesoek word.

Engeland is in die Anglo-Boereoorlog ondersteun deur al sy kolonies wat insluit Australië, Nieu-Seeland, Kanada, ens.

Die Boeremagte is ook deur verskeie nasionaliteite ondersteun wat insluit Russe, Amerikaners, Franse, Duitsers, ens. Hulle was egter ver in die minderheid.

Hier op Heilbron was daar 'n konsentrasiekamp vir blanke vroue en kinders sowel as een vir die swart bevolking.

Jet in Heilbron beroof



Op die foto Jet winkel in Heilbron wat verlede Vrydag beroof is.

Op Vrydag, 4 Oktober, is Jet in Kerkstraat stil-stil beroof. Vier mans het Jet binnegegaan en personeel en kliënte aangehou. Die persone is deur die rowers agter in die stoor ingedwing en vasgebind met cable ties.

Een van die mans was met 'n pistool gewapen. Die skelms het die kluisleutel gekry en verskeie selfone is gesteel. Dit is baie vreemd dat hulle geen kontant gevat het nie en hulle het net in die selfone belanggestel.

Hulle het te voet rondbeweeg en is rustig in en uit die winkel soos kliënte. Die deur was oopgelos sodat dit nie verdag voorkom nie en nuwe kliënte het deur die winkel gestap en oor die stilte gewonder.

Niemand was in die proses beseer nie, maar werknemers het baie groot geskrik. Enige iemand wat meer inligting het oor hierdie gebeurtenis moet asseblief die polisie kontak.

ULTIMO AUCTIONEERS

(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS

SATERDAG
26 Oktober om 11:00

VRYDAG
8 November om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is ook baie welkom.



Op die foto Monante van Zyl in die Auckland Maritime War Museum in Nieu-Seeland waar die Nieu-Seelanders wat in die Anglo Boere-oorlog gesterf het herdenk word. Monante is die kleindogter van Tom en Joey Watson van Heilbron. Bede Tom en Joey se oupas was krysgesvangenes in die destydse Ceylon se Dlyatalawe kamp.

Misdaadverslag

In Phiritona omgewing was daar 'n bakleiery sonder einde tussen twee skoolkinders. Die nadraai was dat een van die sinkhuise in die omgewing op Maandag, 7 September 2019, afgebrand het.

Die polisie is gekontak en steeds het die

onderonsie voortgeduur, versterkings is later ingeroep.

Verskeie groepe is daarna gearrester vir brandstigting, besit van skadelike en onveilige wapens en saakbeskadiging. Hulle verskyn eersdaags in die hof.

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Elke Donderdag te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en Inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwld Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

APRILAMPER: Postbus 220, Frankfort, 9800
Tel: 083 963 9071 Faks: 083 963 2817
E-pos: frankfort@bkb.co.za
Reg. No. 2006/0217507

KARBAL:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

Korefees 2019 weereens 'n hoogtepunt

Korefees 2019 was in Heilbron NG Kerk Suid op 9 September 2019 gehou.

Heilbron Diensentrum het dit hierdie jaar aangebied en is moontlik gemaak met behulp van AVBOB, OK, Sanjo's, Telwiedré, Pakworks, Louis Kleynhans en Diensentrum-lede.

Daar het ongeveer 120 mense deelgeneem aan die feestelike gebeurtenis óf die verrigtinge bygewoon.

Kore van Senekal, Vanderbijlpark en Heilbron het deelgeneem. Daar was ook Solokunsteners wat opgetree het en die standaard van almal was baie goed.

Trompet-, kitaar en konsertina vertonings was ook aangebied.

'n Dansitem was ook voorgedra aan kykers deur vier van Tanya se Dansstudio kinders. Die doel van die korefees is egter nie om te kompeteer nie, maar eerder om jou passie met ander te deel.

Dit was 'n heerlike, gesellige dag van ou vriende wat mekaar lanklaas gesien het en weer kon opvang.

Volgende jaar word die Korefees deur Senekal se Diensentrum aangebied en almal is reeds opgewonde om weer bymekaar uit te kom.



Senior Burger Losieshuis open



Die Riemland area is 'n juweel en alle inwoners van Edenville sal bly wees om te hoor dat hier 'n Senior Burger Losieshuis gaan open. Die huis gaan bestuur word deur Stephanie Slabbert en sy is baie opgewonde om die huis op 1 November te open vir senior burgers en hulle diere-kinders. Hierdie huis is geleë twee blokke vanaf die kerk in Scheepersstraat in 'n veilige en rustige omgewing. Daar gaan in alle behoeftes van die inwoners voorsien word en soos in 'n vyfster hotel, gaan wasgoed gewas word en etes verskaf word. Die huis is ten volle gemeubileerd en het selfs 'n klein biblioteek. Daar is 'n veilige parkeerarea indien jy 'n voertuig besit. Saamrygeleenthede kan ook gereël word. Stephanie is opgewonde om elkeen wat belangstel te verwelkom, kontak haar gerus by 061 764 0644.



Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse

DERDE KWARTAAL 2019 BESTE PRESTEERERS:

Die kwartaal het 'n klompie leerders met uitstekende punte opgelewer - baie geluk aan elkeen van julle! Hieronder is egter die TOP-presteerders tydens dié kwartaal:

• HEILBRON (5DE JR VAN KLASSE AANBIED)

Beste prestasie : Jané Jansen van Rensburg gr. 9 Wiskunde = 95%!!
Beste verbetering : Mienke Roos gr.11 Wiskunde = +28%!!

• FRANKFORT (4DE JR VAN KLASSE AANBIED)

Beste prestasie : Isa-Marie van den Berg gr.10 Wiskunde = 95%!!
Beste verbetering : Kirsten Janse van Rensburg gr.11 Fisiese Wetenskappe = +22%!!

Kontak my indien jy belangstel in ekstraklasse gr.8 tot 12, vir 2020.

Daar is nog enkele plekke beskikbaar vir 2020.

Suryen Claasen 083 234 9882.



Jané J v Rensburg



Mienke Roos



Isa-Marie vd Berg



Kirsten J v Rensburg

Kompetisie vir Riemland Matriekafskeid paartjie vir 2019

Soos in laasweek se Herald reeds aangekondig is, is Die Riemland Matriekafskeid Paartjie kompetisie in volle vaart. Daar het reeds 11 paartjies ingeskryf. Gaan volg ons Facebook-blad om op datum te bly met die inskrywings. Indien jy nog nie ingeskryf het nie, skryf nou in en staan 'n kans om met jou gunsteling foto 2 x A2 "canvasse" by Heilbron Herald te wen.

Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en hierdie twee "canvasse" is jou en jou metgesel s'n! Stuur jou matriekafskeid-foto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook-blad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" gewerf kan word.

Foto inskrywings sowel as "likes" sluit 25 Oktober om 08:00. Geen foto's of "likes" word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanneer die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is - Naam en Van. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 1 November.

Vir enige navrae skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

Bepalings en voorwaardes:

- Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om te kan inskryf.

- Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 25 Oktober 2019.

- Heilbron Herald se besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

- Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

- Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê jy mag: "Like, Love, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik vir die kompetisie.

- Slegs paartjies wat in 2019 'n matriekafskeid bygewoon het kan deelneem.

- Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings te tref.

TUINBOU VERGADERING
16 Oktober 2019
The Little Red Cafe - Vdbp
Vertrek 8:30 vanaf Bron van Heil

- Plant self jou eie protea - Nico Thuynsma
- Deborah Dorcas Skincare - natuurlike skoonheidsprodukte met Rene Botha
- Maak jou eie papier blom

Bevestig bywoning voor/op
14 Oktober by
Wilna Weilbach 072 198 5863

Almal is baie welkom!

Bederf kinders by Universitas



Luné van den Berg, 'n graad 6-leerder van Hoërskool Reitz, het 'n projek van stapel gestuur om kinders in die Pediatriese Afdeling van die Universitas Hospitaal in Bloemfontein met teddiebere en lekkernye te bederf tydens die September vakansie. Die skool is werklik trots op sulke inisiatief. Op die foto is Luné saam met die skenking van die leerders en onderwysers.

Het jy geweet?...

Waarom het olifante plooië op hulle vel?

Die rimpelende vel van die Afrika-olifant is onlangs deur navorsers in Switserland onder 'n mikroskoop gesit. Hulle het gevind dat die plooië eintlik 'n ingewikkelde "mikrovalei" is wat gevorm word terwyl die buitenste vellaag (epidermis) verdik en met die ouderdom buig, wat veroorsaak dat dit kraak. Hierdie gesplete veloppervlak hou vyf tot tien keer meer water as 'n gladde oppervlak, wat help om die olifant koel te hou namate die vog (van reën of modder) verdamp, Asiatiese olifante het 'n gladder vel as hul Afrika-genote, aangesien hulle in natter omgewings woon en het minder probleme om koel te bly.

Spesiale Beleggingsgeleentheid

KAPITAALWAARBORG-BELEGGING

- ◆ Minimum beleggingsbedrag van R150 000
- ◆ Gewaarborgde opbrengskoers van 9.5% per jaar
- ◆ Termyn 15 jaar
- ◆ Aanbod verskryk op 29 November 2019

KAPITAALWAARBORG OF INKOMSTEPLAN (GEWAARBORG)

- ◆ Minimum beleggingsbedrag van R50 000
- ◆ Gewaarborgde opbrengskoers van 6.5% per jaar
- ◆ Termyn 5 jaar
- ◆ Aanbod onbeperk

Kontak Kobus Piek 082 254 8840 vir 'n afspraak.

En nou 30 jaar later

Die matriekklas van 1989 het Saterdag by Hoërskool Heilbron bymekaargekom om hulle 30 jaar reünie te hou. Soos een van die oud klasmaats tereg gesê het: "Tyd is nie jou vriend nie". Die kuier was heerlik en is daar baie "onthou jy nog" stories uitgeruil. Faans Pretorius het een van sy Vleismerino-stoetlammers laat glip vir die braai en almal was dit eens dat hy 'n kampioen-teler is.

Voor: Drikus van der Walt, Faans Pretorius, Jerrie Fox.
Middel: Shaun Forster, Wiam Rautenbach, Fanie Coetzee, Sannelie (Olivier) Stoltz, Danielle (van Tonder) Oosthuizen, Sarina (Naudé) Matthee, Gerhard Steyn, Gregory Galatis, Sarita (Joubert) van Rooyen, Sanet (van Tonder) Pretorius, Ina (Breitenbach) Coetzer.
Agter: Stefan Malherbe, Kobus Terblanche, Bernie Engelbrecht, Verna (Leonard) van Greunen, Riana (Adlem) J van Rensburg, Wimpie Naudé.



OCTOBER SPECIAL

Valid from 1 Oct 2019 - 31 Oct 2019

Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450
4 Shelves

R2 029-00 Exl VAT



Ivory/Karoo Oil Hammetone Grey

4 Drawer Filing Cabinet
1320 x 470 x 630

R2 309-00 Exl VAT



Ivory/Karoo Oil Hammetone Grey

Herald

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033

Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za



Calendar & Deskpads Pricelist

2020 Calendars

A4 Full Colour on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 130	R 130	R 260
50	R 160	R 170	R 330
100	R 210	R 210	R 420
200	R 300	R 300	R 600
300	R 390	R 400	R 790
500	R 570	R 580	R 1,150
1000	R 1,030	R 1,040	R 2,070

A3 Full Colour Calendar on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 140	R 140	R 280
50	R 210	R 210	R 420
100	R 300	R 305	R 605
200	R 490	R 500	R 990
300	R 670	R 680	R 1,350
500	R 1,040	R 1,050	R 2,090
1000	R 1,970	R 1,980	R 3,950

A3 Full Colour Ringbinder Calendar			
1 Month to view + Front Page (13 Pages)			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	490	500	990
50	1520	1520	3040
100	2590	2600	5190
200	4550	4560	9110

Triangular Desk Calendar Fullcolour on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 460	R 460	R 920
200	R 610	R 620	R 1,230
300	R 740	R 740	R 1,480
400	R 860	R 870	R 1,730
500	R 980	R 990	R 1,970
1000	R 1,720	R 1,730	R 3,450

Triangular Desk Calendar Ringbinder, 2 Months to view, fold over pages			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 505	R 505	R 1,010
100	R 820	R 830	R 1,650
200	R 1,480	R 1,490	R 2,970
500	R 2,850	R 2,850	R 5,700

2020 Deskpads

A4 Full Colour Deskpads			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	220	R 235	R 455
50	630	R 635	R 1,265
100	1070	R 1,080	R 2,150
250	1830	R 1,840	R 3,670
500	3480	R 3,480	R 6,960

*Printed on Bond Paper + Backing Board

A3 Full Colour Deskpads			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	340	R 350	R 690
50	1070	R 1,080	R 2,150
100	1770	R 1,770	R 3,540
250	3480	R 3,480	R 6,960
500	6320	R 6,330	R 12,650

*Printed on Bond Paper + Backing Board

Pamflette gedruk deur Heilbron Herald kan gratis in die Herald geplaas en versprei word.

*Prices INCLUDE Vat

Heilbron
Herald

XENOFOBIE

EK VERSTAAN HIERDIE WOORD GLAD NIE.

Een van die kenmerke van vette is dat dit hidrofobies is. "Hidro" verwys na water, en "phobia" beteken vrees. Dus beteken dit dat vette net mooi niks van water hou nie.

So ook die woord "arachnofobie". Die vrees vir spinnekoppe.

HIER IS 'N LYS VAN INTERESSANTE FOBIES:

Aerofobie is die vrees vir vlieg. Astrafobie is die vrees vir weerlig en donderweer. Soöfobie is die vrees vir diere. Hemofobie is die vrees vir bloed. En as jy aan outofobie ly, beteken dit dat jy nie alleen wil wees nie.

Maar xenofobie?

Die eerste deel van die woord verwys na die Grieks vir vreemdelinge of gaste. Dus beteken xenofobie dat iemand 'n vrees het vir vreemdelinge.

Dit maak glad nie vir my sin nie: hoekom sal Suid-Afrikaners buitelanders wil doodmaak as hulle bang is vir hulle? Dit moet mos eintlik andersom wees. Mense word doodgemaak omdat ander bang is vir hulle.

Die term "xenofobie" is die eerste keer in The Daily News in London, Engeland in April 1880 gebruik. Volgens die Merriam-Webster Woordeboek het die eerste paragraaf waarin hierdie woord voorkom as volg gelees:

"Here, however, as in other cases, we are inclined to think that intelligent xenomania is decidedly preferable to the Xenophobia which is of necessity and always unintelligent."

Ander bronne dink dit was eerder 1902 vir die eerste keer gebruik. Xenofobie was in 2016 www.dictionary.com se woord van die jaar. En in Suid-Afrika ken ons die woord.

MET DIE ONLANGSE AANVALLE OP BUITELANDERS WAS HIERDIE TERM WEER OP ALMAL SE LIPPE. So ook die wrede moorde op vrouens, soos onlangs berig. Dit is op almal se agenda: elke Jan Rap en sy kollega maak politieke praatjies oor hoe om vroue te beskerm en mans op te voed om hulle nie dood te maak nie.

Die hutkluts (dit is 'n mooi woord vir "hutsmerk") #AmINext kry groot aftrek en daar word byeenkomste gehou om mense meer bewus te maak van die moord op vroue.

Die ander vriende van Jan Rap verkondig luidkeels dat die moorde van kinders veroordeel moet word. Daar gaan A, B en C gedoen word met die moordenaars van kinders. Mans word by elke geleentheid daaraan herinner dat hulle vroue en kinders moet beskerm. Diegene wat skuldig bevind word, word goed gestraf en nog erger straw-



we word aan voornemende moordenaars (is daar ooit so iets?) belowe.

Wat heeltemal waar is. Waarmee ek glad nie saamstem nie.

En onmiddellik het ek die argwaan van die politici, vroue, vreemdelinge en ander op die hals gehaal. Hoe durf ek dit sê?

Want ons het nie preke nodig oor hoe om vroue te beskerm nie. Mans hoef nie kursusse by te woon om "brownie points" te kry oor hoe om na 'n vrou om te sien nie.

Niemand hoef spesifiek te leer hoe om niè 'n kind te dissiplineer nie. Ouers word nou die reg ontnem om hulle kinders met die plathand meer te leer. En jy kan tronk toe gaan daarvoor.

Niemand hoef geleer te word om buitelanders te verdra nie. Ons hoef nie eers te hoor dat daar iets is soos xenofobie is nie.

ONS MOET NET LEER OM MEKAAR TE VERDRA. Ons hoef nie eers baie hard daaraan te werk nie. Ons hoef mekaar net elkeen 'n plek in die son te gun.

Volgens my beskeie mening is daar nie 'n aanslag op buitelanders nie. Ook nie spesifiek aanvalle en moorde op vroue nie. Ek dink ook nie dat dit soseer kinders is wie in die visier is nie.

Dit voel vir my dat, sodra iets 'n naam het, almal daarvoor kan praat. Wanneer 'n klein komponent in 'n groot geheel geïsoleer word en met 'n term daarna verwys word, word die geheel al hoe kleiner.

Want in Suid-Afrika het ons die geheelprent vergeet, want ons kry klein grepies daarvan wat ons laat vergeet wat die regte inligting is.

In Suid-Afrika is daar 'n aanslag op menselewens. Punt. Nie net op buitelanders, vroue of kinders nie.

Op almal.

Wat van ons almal neem vir 'n slag 'n ander se lewe in ag in dit wat ons daagliks doen? Wat van ons ag mekaar iets werd, en probeer om mekaar op alle vlakke te beskerm en toe te vou in omgee vir mekaar?

Wat van ons begin ons leiers ten opsigte van mekaar verantwoordelik hou? Of wat van ons begin mekaar verdra en op die hande dra?

Mans vir mans, mans vir vroue, grootmense vir kinders, leiers vir kiesers, ons almal vir mekaar.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Erediens (Dooop)
Sagte kollekte / Kleuterkerk
Sin Kol: Helpmekeer Studiefonds
Kategorie / Blok 4

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens
Belydenisaflegging
Sin Kol: Sinodale Pensioenfonds

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Kol: Sending, Heilbron / Katkisasie: Les 23
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategorie 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)
Bevestiging van Kerkraad / Groep 2
VBO Les 26

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondag skool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 / Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Die rus ingegegaan



† Dr Gerhard Johann Nienaber is oorlede in die ouderdom van 59. Sy troosdiens het plaasgevind op 9 Oktober te AGS kerk deur Ps. Leon Deysel. Hy laat na sy liefdevolle vrou, kinders, kleinkinders, familie en vriende.

† Chapatos John Modikoe is oorlede in die ouderdom van 83. Sy diens vind plaas op 12 Oktober 2019. Hy laat na sy kinders, kleinkinders, familie en vriende.

† Norah Khali Radebe is oorlede in die ouderdom van 36. Haar diens vind plaas op 12 Oktober 2019. Sy laat na haar kinders, ouers, familie en vriende.

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE

09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 11 Okt.	11 / 26	Warm
Sa 12 Okt.	14 / 28	Sonnig, warm
So 13 Okt.	14 / 30	Sonnig, warm
Ma 14 Okt.	17 / 29	71% kans vir laatmiddag buie
Di 15 Okt.	14 / 27	71% kans vir donderbuie
Wo 16 Okt.	15 / 29	Warm
Do 17 Okt.	16 / 28	Warm
Vr 18 Okt.	16 / 29	Sonnig, warm
Sa 19 Okt.	16 / 28	48% kans vir donderbuie
So 20 Okt.	16 / 29	46% kans vir donderbuie
Ma 21 Okt.	17 / 29	53% kans vir reën

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING

In die boedel van wyle ANNA BERNADINA VILJOEN, Identiteitsnommer 430919 0020 082, 'n pensioenaris, in lewe woonagtig te Huis Emily Hobhouse, 5de Straat 6, Koppies, Vrystaat.

Boedelnommer: 5782/2018
Datum van afsterwe: 11 Februarie 2018
Ingevolge Artikel 35(5) van Wet 66 van 1965 word hierby kennis gegee dat die Eerste & Finale Likwidasië- en Distribusierekening van bovermelde boedel in die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdroshof, Koppies, ter insae sal lê vir 'n periode van 21 (Een-en-twintig) dae, vanaf datum van publikasie hiervan vir alle persone wat daarby belang het.

Indien binne bogenoemde tydperk geen beswaar daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Ekseuteur(s) oor tot die uitbetaling ingevolge die voormelde rekening.

Gedateer te Vereeniging hierdie 3 de dag van Oktober 2019.
DE KLERK VERMAAK & VENNOTE ING. PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR 1STE VLOER, ORWELL PARK BLOK 3 ORWELLRYLAAN, DRIE RIVIERE VEREENIGING, 1929 POSBUS 338, VEREENIGING, 1930 VERW: LW van Wyk/RA/LO2456 TEL: (016) 454 0222

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Bespreek by **Hannalie Claassen** 079 040 0531 **G**

HEILBRON EIENDOMME HUIS TE HUUR

• 3 Slaapkamerhuis met 2 badkamers, kombuis, sitkamer, eetkamer. Enkel motorhuis met 'n afdak. Besikbaar 1 Oktober 2019.
R5 900 pm

EEN SLAAPKAMER WOONSTEL TE HUUR

• Sitkamer, kombuis, enkel slaapkamer met badkamer.
R2 800 pm

Kontak Annelize 082 331 9856 **R**

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak **Jaco Meiring** 082 851 6158
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK HEILBRON PLEK:

N.G Kerksaal (Suid)
• 26 November



TE KOOP

GIG Technologies Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!! From R299.00 p/m
Kerk Str. 44 Heilbron
072 840 4495
info@gigtechnologies.com

JAARBEPLANNER

Oktober
12 SPAR-Gholfdag
23 Huis- en Tuinbouklub vergadering

VOER TE KOOP

Vir navrae.
Kontak 083 688 8256 **K**

BETREKKINGS

ONDERWYSPOS

HOËRSKOOL HEILBRON



REKENINGKUNDE GRAAD 10 - 12 BEHEERLIGGAAM AANSTELLING
(Buitemuurse betrokkenheid sal 'n sterk aanbeveling wees)

RIG VOLLEDIGE AANSOEK AAN:
Die skoolhoof, Hoërskool Heilbron
Posbus 132 • Heilbron • 9650

NAVRAE: Mnr Peter Smith
Tel: 058 852 3007
e-pos: skoolhoof@hseilbron.co.za

SLUITINGSDATUM: 1 November 2019

VAKANTE POS

Geregistreeerde Verpleegkundige Huis Bron-van-Heil

Aansoek word ingewag vir 'n Geregistreeerde Verpleegkundige by Huis Bron-van-Heil, om so gou as moontlik diens te aanvaar.

Die kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Moet geregistreeer wees by die S.A.V.R met wyse, of met her-registreeer voor diensaanvaarding.
- Moet bereid wees om 12 uur skofte, publieke vakansiedae en alternatiewe naweke te werk.
- Dissipline kan toepas in 'n werksituasie, streng, maar regverdig.
- Moet met bejaarde inwoners kan werk - empatie en begrip hê.
- Moet Afrikaans magtig wees, aangesien die groot meederheid inwoners Afrikaansspreekend is.

CV's kan ingehandig word by **Huis Bron-van-Heil** by **Me S Spies, bestuurder.**

Kontaknommers
Me S Spies 058 852 4911
083 311 7331
of Matrone D.M de Winnar 058 852 4911
of 082 855 5612 **R**

AUSTRALIESE BEESHONDJIE TE KOOP

Pragtige, intelligente, blou Australiese Beeshondjie te koop. 2 x Geënt, ontworm, 6 weke oud. R1 000. Skakel 076 682 6745 Edenville **K**



Nederduitsch Hervormde Kerk Heilbron

Nooi alle belangstellendes om deel te wees van ons

BASAAR

SATERDAG 12 OKTOBER

- Braaivleisettes
- Tjops, Wors, Sosaties, Slaai, Pap & Sous
- Pannekoek • Kerrie & Rys
- Basaar Nagereg • Koektafel • Vleistafel
- Koffie, tee & koeldrank

HOËRSKOOL HEILBRON GIMNASIUM
WORD FIKS . LEEF STERK
R250 per maand
oop Ma-Sa 08:00-20:00 oop vir die publiek
Kontak - 081 848 6301

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegetydig om teurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

WESSENTIAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koepkrag gewaarborg
Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBELAAR
060 965 6207
Afslaer

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.

Top 5 presteerders Hoërskool Heilbron



Hoërskool Heilbron se Top 5 het weer uitstekend gevaar. Hier volg die resultate vir die derde kwartaal, primêre afdeling. Graad 4: Noeline Gewin, Chanelle Els, Danelri Mocke, Rikus Bronkhorst (afwesig), Lizelle Swanepoel. Graad 5: Adri Erasmus, Franco Roos, Juan J v Rensburg, Dihan J v Rensburg en Cariska J v Rensburg. Graad 6: André Viviers, Carlie Rochat, Johanri Pretorius, Kayla Bosman en Alexa Kruger. Graad 7: Michaela Grobler, Lucé Barnard, Sulé Strydom, Anelle Volschen en Joanike Els.



Hoërskool Heilbron se Top 5 het weer uitstekend gevaar. Hier volg die resultate vir die derde kwartaal, primêre afdeling. Graad 4: Noeline Gewin, Chanelle Els, Danelri Mocke, Rikus Bronkhorst (afwesig), Lizelle Swanepoel. Graad 5: Adri Erasmus, Franco Roos, Juan J v Rensburg, Dihan J v Rensburg en Cariska J v Rensburg. Graad 6: André Viviers, Carlie Rochat, Johanri Pretorius, Kayla Bosman en Alexa Kruger. Graad 7: Michaela Grobler, Lucé Barnard, Sulé Strydom, Anelle Volschen en Joanike Els.

Slaag PD Voorslag



Op 30 Augustus tot 1 September het leiers van die Heilbron Voortrekker Komando PD voorslag toetse afgelê te Doornkloof. Op die foto: Luttig Roux (silwer), Deone Moolman (silwer), Alet Swart (offisier) en Danie Swart (Goud).

Hoërskool Reitz presteerders



Drie leerlinge van Hoërskool Reitz het aan die 39ste Internasionale Wetenskap EXPO kompetisie deelgeneem. Hulle het baie goed presteer. Hulle is van links: Dané Dorfling (Graad 8 - Micro-organisms in daily life. Brons medalje), Guillaumé Taljaardt (Graad 8 - Understanding the effect of routine handling in the health of sheep - Hy ontvang die Uitstellers-toekenning vir beste uitstalling, 'n R750,00 kontantprys en 'n goue medalje) en Carla Fivaz (Graad 9 - Light en your stress load - Silwer Medalje).



Megan Byliefeldt, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Reitz, het puik presteer tydens die National Rifle League SA Championships. Sy het aan 2 klasse (Hunter en Elite) deelgeneem. Sy was die eerste van die vroue in Suid-Afrika tydens die Hunter-afdeling. Gesamentlik (mans en vroue) eindig sy algeheel vierde.



Jani de Bruin, 'n graad 7-leerder van Hoërskool Reitz, het die Voorslag PD-toetsing vir Voortrekkers geslaag met goud. Sy is deel van die Piet Geyer Kommando te Reitz.

heraldgraphics2@heilbron.co.za **Herald** 058 852 3033

PERSONALISED SCHOOL LABELS

Choose your theme and we print your school labels with your name on it!

Starter Label Pack
95x Stickers - R200
Including VAT

25x Colour Book Labels (50x70mm)

40x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)

20x Multi Purpose Labels (30x70mm)
Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment

10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)

2x Bag Tag with Keyring (80x50mm)

1x Permanent Marker

Mini Label Pack
50x Stickers - R100
Including VAT

10x Colour Book Labels (50x70mm)

25x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)

5x Multi Purpose Labels (30x70mm)
Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment

10x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)

1x Bag Tag with Keyring (80x50mm)

1x Permanent Marker

Super Label Pack
150x Stickers - R250
Including VAT

40x Colour Book Labels (50x70mm)

60x Wrap-around Pen & Pencil Labels (35x10mm)

30x Multi Purpose Labels (30x70mm)
Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Case, Sport Equipment

20x Round Multi Purpose Labels (40x40mm)

4x Bag Tag with Keyring (80x50mm)

1x Permanent Marker

Lentetee

'n Tee is die geleentheid om te wys wat die definisie van vrouwees is. Na 'n verwelkoming gedoen deur Hoërskool Heilbron se hoofmeisie, Megan Strydom, het almal dadelik tuis gevoel by die Lentetee van 2019.

Hierdie is 'n jaarlikse gebeurtenis gehou deur Hoërskool Heilbron se matriekmeisies - hierdie jaar op 5 September 2019.

Danksy matriekmamma's en die skool se juffrouens is die dag moontlik gemaak en Simoné Nortman, nou bekend as Pretorius, het opgetree as spreker. Sy het 'n paar feite oor haarself gedeel en haar lewensverhaal vertel. Simoné erken sy kan egter nie 'n plant lewendig hou nie, het haar lewe lank muisneste en noem dit "dromers-disease" en is getroud op 23 Februarie 2019.

Sy was oorspronklik 'n teologie student en het later opgeskop om in rolspel in te gaan, maar deel steeds haar liefde vir die Here met mense. Almal se aandag was vasgevang met haar lewensverhaal en die vertel van Geestelike seisoene en dit sal gaste vir lank nog bybly.

Tydens 'n pouse geleentheid het almal koek en tee geniet met verskeie ander peuselhapies en mekaar se geselskap. Na pouse het almal weer hulle plekke ingeneem om elke matriekmeisie se rok van naby te aanskou. Elkeen was vergesel deur die MK seuns en hulle gunsteling lewens 'quote'.

Met trane is baie se oë is die dag afgesluit met elke matriekmeisie wat 'n roos, of meer, aan hulle geliefde vrouens in hul lewens gegee het. Met 'n groot handklap na die tyd kan jy verseker wees jy't uitgemis indien jy nie die dag bygewoon het nie.

Heilbronners sien uit na dit wat Hoërskool Heilbron vir hulle volgende jaar mee gaan verras.

Op die foto regs: Simoné (Nortman) Pretorius



Hoof se das weer geknip



Die hoof van Hoërskool Heilbron, mnr Peter Smith, se dasse is aan die min word. Mnr Smith moes verlede Donderdag tydens die tradisionele Dasaand weer buk vir die MK seuns wat elke jaar op kreatiewe manier van sy das ontslae raak. Vanjaar was hulle "Dokters" en is sy das met 'n valbyl gesny. Om tot die aand se vermaak by te dra was die bekende akteur en komediant, Schalk Bezuidenhout, die gaskuntenaar. Op die foto vl: Sarel Mouton, Johan van der Westhuizen, Corjan Roos, mnr Peter Smith, Mike Henn en Pula Fox.

Phitsana achieved



Motaung Hlohonolofatso competed Provincial in Bloemfontein for spelling bee with his teacher, Me N Moloantoa. He obtained a medal and Phitsana is proud of this boy.



Phitsana also took part in Provincial Mental Maths, Daniel Makala and his teacher, Me EM Morake was there. He obtained a certificate and maths dictionary.

Skool reünie - 19 Oktober

Die komitee van JC Class 1977 Junior Sertifikaat nooi elke leerling uit wat in genoemde jaar by Phiritona Sekondêre skool klaargemaak het om deel te wees van 'n reünie. Hulle het 42 jaar terug hulle skoolloopbaan voltooi en het besluit om op 19 Oktober 2019 'n feesviering te hou.

Alhoewel baie van die leerlinge wyle en gestremd is, word die reünie gehou om te onderhandel oor die toekoms in terme van kriminele oortre-

dings, mishandeling en straatboewery. Die koördineerders vra met eerlikheid en respek vir ondersteuning en hulp en moontlike borge om hierdie reünie te kan hanteer.

Kontak vir Ben Poho by 072 337 5678 of 078 640 4075 of Thoko Kumalo by 073 220 1398 vir meer inligting.

Bank Besonderhede:
Verw: JC Students Class of 1977
Rekening Nr.: 798703911



Standard Bank



HNR Afslaaers bied met

ALGEHELE UITVERKOPINGSVEILING namens De Vrege erfgename
Saterdag 19 Oktober 2019 om 10:00 - Plaas HELDERWATER Heilbron

REWOLWER: Taurus 357 rewolwer. **MOTORFIETSE:** Kazuma Falcon 90cc 4 wiel; Spyder 150 cc; BSI 2 stroke 100cc. **PONIES:** ponies - 2 hingste en 3 merries. **SKAPE:** 50 groot ooie - 26 jong ooie - 26 lammers - 1 ram. **IMPLEMENTE:** Roller (fynsaad), Ripper, 20 skottel tandem dis, kunsmisstrooier, landrollers (kluit), 4 ry Massey Ferguson planter, saadmenger 250kg, elektriese hammermeul 3 fase, kluitroller in raam, 4m tefsaaiër; onkruidspuit met PTO pomp. **PLAASTOERUSTING:** windpomp toring, 3T dubbelas beeswa, kalf grootmaak hokke, voerbakke, kuilvoerwaentjie, 5kw elektriese motor, outydse sleepskrop, tenk staander, selfvoerder, wolperse meganies, treksae verskillende groottes, voerringe. **ALLERLEI:** Isuzu rame, Mazda LWB canopy - Kangaroo 2001 model; staal wasbak, spaanse venster diefwering, dieseltenk staander, bokkies (pote) vir tafels, voël hokkies, plat plaat arches; garagedeur, melkvakuumpompe; ens. **KAMPTOERUSTING:** visvang staander, kano, stretcher, en vele meer.

Nog heelwat items word verwag op veiling.

TERME: Slegs Kontant, EFT op terrein. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Geen item sal verwyder word voor ten volle vereffen is nie.

1. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar 2. 10% Koperskommissie op los bates betaalbaar.

NAVRAE EN BESIGTING KONTAK: Samuel Brayshaw 084 603 3853; Dolf Visagie 082 676 7999.

HNR AFSLAERS
vir fotos



ROETEAANWYSINGS: GPS koördinate 27.127749, 28.070342

Vanaf Deneysville volg die Heilbronpad (R 716) vir 30 km. Draai links. Volg plaaspad tot by veiling. Vanaf Heilbron volg Sasolburgpad (R 57) vir 14 km. Draai regs by Weltevrede Leeuplaas. Volg pad vir 9.6 km tot by T-aansluiting. Draai links op R716. Ry vir 400m en draai regs. Volg plaaspad tot by veiling. Vanaf Sasolburg ry op Heilbron pad (R 57) vir 34 km tot by Weltevrede Leeuplaas afdraai. Draai links. Volg pad vir 9.6 km tot by T-aansluiting. Draai links op R716. Ry vir 400m en draai regs. Volg plaaspad tot by veiling.



Soccer season kicks off

The Heilbron Soccer League 2019/2020 season kicks off this weekend. All the matches will be played at Piano Stars field in Lahlamlenze, Mshaya.

Here is the opening fixtures
 Saturday, 12/10/2019
 11:00 Free State United v FC Wine
 13:00 Junior Rabbits v Milano
 15:00 Mamokoto v Golden Stars

Sunday, 13/10/2019
 10:00 Barcelona v Phiritona Stars
 12:00 Real Tigers v Abagerezi
 14:00 Juventus v Peace United
 16:00 CJB United v Black Swallows



SPAR is Tops



Heilbron Spar is bekend vir hulle vriendelike diens en omgee vir die gemeenskap en daarom ook dan hulle slagspreuk "My Spar". Gholfers sien jaarliks in Oktober uit na die Spar Gholfdag, want dit is altyd spesiaal. Jimmy de Villiers Smith van Heilbron SPAR sê dat môre se SPARDag weer 'n wenner gaan wees. Gholfers kan uitsien na lekker gholf, goeie pryse, 'n natgat by die grasdak en dan ook lewendige musiek die aand. Dit is alles ingesluit vir 'n skamele R250 vir gholfers en die wat die aand wil saamkuier en iets eet, kom gerus, daar is etekaartjies te koop.

Môre se SPARDag begin om 11:00 en inskrywings is vanaf 10:30. Daar is nog plek oop vir die wat nog nie ingeskryf het nie, skakel gerus vir Naomi by 082 598

9957.

'n Laerskool seun, Alexander Galatis van Johannesburg, het die ou manne verlede Saterdag toudys gemaak hoe om die bal reguit te slaan. Hy wen die dag met 40 punte. Alexander is die jongste spruit van Gregory en kleinkind van Amelia Galatis. Die predikant se gholf is weer op vorm, hy eindig tweede met 38 na 'n uittel teen Leonard Strydom.

Die putjiespel kompetisie is agter skedule en spelers word gevra om hulle uitspeelwedstryde so gou moontlik af te handel.

VKB het die groen lig gegee en is vanjaar se Presidents- en Kapteinsdag borg wat op 26 Oktober gaan plaasvind.

Heilbron Krieketklub Nuus

Heilbron Krieketklub skop liga af teen Sasolburg volgende naweek.

Wedstryd program vir 2019/2020 seisoen:

1. Sasolburg vs Heilbron (A) 19 Oktober
2. New Vaal vs Heilbron (A) 26 Oktober
3. Roshnee vs Heilbron (A) 2 November
4. Heilbron vs Sharpville (H) 9 November
5. Heilbron vs Vanderbijlpark (H) 16 November
6. Heilbron vs Sasolburg (H) 23 November

7. Vanderbijlpark vs Heilbron (A) 18 Januarie 2020
8. Heilbron vs New Vaal (H) 25 Januarie 2020
9. Heilbron vs Roshnee (H) 8 Februarie 2020
10. Sharpville vs Heilbron (A) 22 Februarie 2020

T20 & T35 semi en finale sal gespeel word na afloop van die wedstryde.

Oefeninge Dinsdae & Donderdae om 17:00. Enige speler welkom. Kom ondersteun gerus die klub.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
 082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.wessentraal.co.za

WESSENTRAAL
 JJ Hadebestraat 97,
 Frankfort, 9830
 Sel: 082 569 7205
 Kantoor: 058 813 1067



HEILBRON JAGTERSNUUS



Die Vrystaatjagtersvereniging Riemland Heilbron tak het Saterdag 5 Oktober 'n groeperingskietdag aangebied. 36 skuts het aan die uitdagende dag deelgeneem. Danksy 'n skenking van Neels en Christelle van Heerden van die maatskappy B-Bags kon almal met presies dieselfde x bags en agterste rus regverdig teen mekaar meeding.

Met die hulp van Jaco Nell en Marco Oberholzer is akkurate tellings bepaal.

Die wenner was:

- 3de Izak Bosman (.243) groepering 52.23mm
- 2de Edward Muller (6.5 creedmore) 49.15mm
- 1ste Chanelle Engelbrecht (.243) 37.51mm

'n Wye verskeidenheid jagtrofee is ook op die dag gemeet deur Hennie en Theuns Fourie. Die uitslae sal bekend gemaak word op die algemene jaarvergadering en prysuitdeling op 8 November te Donsveertjie.



Op die foto links: Chanelle Engelbrecht, 11 jaar oud. Foto regs: André van Rensburg by uitdagende .22 baan.

Heilbron Duiweklub

Laaste wedvlug vir die jaar

Die naweek se wedvlugte was vanaf Hanover in baie warm weer en 'n noordewind. Ten spyte van die wind van voor, is die 540km in 7 ure en 50 minute, deur die voorste duiwe afgelê, teen 'n gemiddelde spoed van 72 kpu.

Frik Viviers het die eerste wedvlug gewen en Zenith die tweede.

Dit was die laaste wedvlugte van die jaar en nou is die broeiseisoen aan die gang en probeer die duiweboere beter kleintjies broei vir volgende jaar.

Die klub bedank al hul ondersteuners wat belanggestel het en gereeld navraag gedoen het.

HANOVER OPE 1

1. F Viviers, 2. Zenith A, 3. Crause & Seun, 4. Zenith B, 5. F Viviers, 6. F. Viviers, 7. Zenith A, 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. Crause & Seun.

HANOVER OPE 2

1. Zenith A, 2. Zenith A, 3. F Viviers, 4. Zenith A, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Zenith A, 8. Zenith B, 9. Zenith A, 10. Zenith B.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 15 OKTOBER 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling
 Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
 Kontak Frenk Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 17 OKTOBER 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
 Kontak Eddie Muller 082 526 2219

KROONSTAD Vrees veiling
 Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRYDAG - 18 OKTOBER 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
 Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTRDOM Weeklikse veiling
 Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
 BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
 Posbus 220, Frankfort, 9830
 Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
 e-pos: frankfort@bkbloewid.co.za

